# SONDAGSKOOL LES: Verstaan jou Bybel – Afdelings van die Nuwe Testament – Die Evangelies

**Doel van les:**

- Ons kyk vandag kortliks na die Evangelies afdeling in die Nuwe Testament net om bietjie beter te verstaan waaroor dit gaan. Hierdie les is aangepas uit Ministry to Children.com.

**Ysbreker: Boek ordes:** Gee vir elke groep 'n Ou Testament en Nuwe Testament kaart. Vandag kry die groepe nog vyf boeke in die Ou Testament en gee al die boeke in die Nuwe Testament. Hulle moet nou die boeke onder die twee kaarte rangskik in die regte orde. Ons gaan elke week die speletjie doen en boeke byvoeg totdat hulle al die boeke in die Bybel gekry het om te rangskik. (Indien jy sien dat die kinders sukkel of die boeke maklik onder die knie kry, kan jy of vir twee weke stilstaan by dieselfde aantal boeke, of meer boeke byvoeg wat hulle moet rangskik. Pas die speletjie aan volgens jou groep.)

Hoe begin die Nuwe Testament? (Met Jesus se geboorte en lewe soos vertel in die Evangelies) Vandag gaan ons kortliks kyk na die Evangelies.

Wat beteken die woord Evangelie? Dit beteken "goeie nuus". Matteus, Markus, Lukas en Johannes vertel die lewensverhaal van Jesus – die goeie nuus dat Hy aarde toe gekom het om ons te leer van God en om te sterf vir ons sondes.

Matteus was een van Jesus se dissipels. Markus was familie van Barnabas wat genoem word in die boek Handelinge. Lukas was 'n dokter. Johannes was 'n dissipel van Jesus en moontlik 'n neef van Jesus.

Kom ons kyk kortliks na 'n opsomming van die 4 Evangelies.

**Aktiwiteit 1: Jesus Nativity left/right speletjie:** Laat die kinders in 'n groot sirkel staan en gee vir elke kind 'n lekker. Lees die verhaal van die geboorte van Jesus. Wanneer jy "left" sê moet hulle die lekker vir die persoon aan hul linkerkant gee. Wanneer jy "right" sê word die lekker vir die persoon aan hul regterkant gegee. Kyk wie het nog 'n lekker teen die einde van die speletjie het.

**Aktiwiteit 2: Vissers van mense:** Deel die groep op in twee gelyke groep. Gee vir elke kind 'n strooitjie. Plaas van die uitgeknipte vissies op twee tafels sodat elke kind een sal hê en 'n groot bak vir die vissies om in gegooi te word. Die eerste kinders van elke groep, hardloop na hulle tafel, suig met die strooitjie die vissie vas en laat val dit in die bak. Sodra hulle dit gedoen het, kan hulle terughardloop na hulle groep en die volgende kind kan kom. Kyk watter groep eerste klaar is.

Sodra almal gaan sit het, sê: Jesus het 12 vriende gekies wat oral saam met Hom gegaan het. Hulle word Sy 12 dissipels genoem. Van hulle was vissermanne, maar Jesus het hulle geleer om vissers van mense te wees. Dit beteken dat Jesus hulle geleer het hoe om ander mense van Hom te vertel.

**Aktiwiteit 3: Voltooi die storie:** Gee vir elke groep 'n 'maak die storie klaar' uitdeelstuk. Gee hulle 'n tydjie om 'n einde vir die storie te skryf. Wanneer almal klaar is, gaan elke groep 'n beurt kry om hulle einde vir die grootgroep te vertel.

Wil julle die einde hoor wat ek het? Die enigste manier wat die boer regtig met die voëls kon praat sodat hulle hom verstaan, sou wees om self ook 'n voël word. As hy ook 'n voël word, sou die voëls nie meer vir hom bang wees nie, omdat hy soos hulle lyk en praat, en hulle kan verstaan dat hy vir hulle sê om in die skuur in te gaan. So sou hy hulle kon beskerm en hulle in die skuur kry waar hulle veilig sou wees.

Jesus is die Seun van God en self ook God, maar Hy het as mens aarde toe gekom om ons te lei na veiligheid soos die boer met die voëls. Hy het mense alles geleer wat hulle nodig het om hemel toe te gaan terwyl Hy op aarde was, deur stories wat ons gelykenisse noem. Die mense het graag gesit en luister na hierdie gelykenisse wat Jesus vertel het.

**Aktiwiteit 4: Wonderwerke: Onderstebo glas:** Gee vir elke groep 'n glas met water, 'n emmer en 'n stuk karton. Plaas die stuk karton oor die opening van die glas en draai die glas om. (asb bokant die emmer) Die karton sal vassuig aan die glas en bly sit. So sal die water nie uitval nie.

Hier is 'n voorbeeld van hoe dit gedoen word: https://www.youtube.com/watch?v=65T4ReLkjCg

**Sê:** Jesus het ook baie wonderwerke gedoen terwyl Hy hier op aarde was. Hy het mense gesond gemaak, mense uit die dood laat opstaan, op water geloop en ook vir 5 000 mense kos gegee met net 5 broodjies en 2 vissies. Jesus se heel eerste wonderwerk was dat Hy water in wyn verander het. Onthou dat 'n wonderwerk iets is wat net deur God gedoen kan word. So het Jesus vir die mense gewys dat Hy regtig die Seun van God is.

**Aktiwiteit 5: Ontravel die woorde**

**Jesus se dood en opstanding**

Al vier die Evangelies vertel van hierdie belangrike gebeure. Ontravel die woorde om uit te vind wat Lukas geskryf het.

Toe hulle by die plek kom wat **eenkpbo** genoem word, het hulle Hom saam met die **ssddamiregi**

gekruisig, die een aan Sy **tgerer**- en die een aan Sy **tkkanelnir**. Lukas 23:33 (1983 vertaling)

Hy is **<u>ien</u>** hier nie.  Hy is uit die dood **<u>gweokpe</u>**. Lukas 24:6 (1983 vertaling)

Jesus het wonderlike dinge hier op aarde gedoen, maar eintlik het Hy gekom om aan die kruis vir ons sondes te sterf.  Hy is toe ook gekruisig en in 'n graf begrawe.  Weet julle dat ons van dit lees in die Profete boeke?  Ja, God het baie, baie lank voor Jesus gebore is vir die profete van Jesus vertel.

Jesus het na drie dae uit die graf opgestaan.  Daardie graf is leeg.  Hy het na 40 dae opgevaar hemel toe waar Hy besig is om vir al Sy kinders plek reg te maak.  Voor Hy hemel toe is het Hy vir Sy vriende gesê om vir ander te gaan vertel dat die graf leeg is, dat Hy leef en dat hulle in Hom moet glo, maar daaroor sal ons volgende week meer gesels.


Sluit af met gebed in groepe.





1. Daar was ‘n boer wat ‘n swerm voëls in die winter gesien het.

2. Dit was baie koud en die voëls het ‘n warm plek gesoek. Daar was ‘n storm oppad en hulle kon doodvries.













3.Die boer het geweet sy skuur is warm en sal ‘n veilige plek vir die voëls wees.

4.Hy het die skuur se deure oopgemaak, maar die voëls was te bang om in te vlieg.



7. Die boer het________

6.Die boer moes ‘n manier kry om vir die voëls te vertel of te wys wat hulle moet doen om gered te word. Hy het uiteindelik geweet wat hy moet doen.

**Aktiwiteit 5:  Ontravel die woorde - Antwoorde**

**Jesus se dood en opstanding**

Al vier die Evangelies vertel van hierdie belangrike gebeure.  Ontravel die woorde om uit te vind wat Lukas geskryf het.

Toe hulle by die plek kom wat **Kopbeen** genoem word, het hulle Hom saam met die **misdadigers**

gekruisig, die een aan Sy **regter**- en die een aan Sy **linkerkant**. Lukas 23:33

---

Hy is **nie** hier nie.  Hy is uit die dood **opgewek**. Lukas 24:6

**BOEKE VAN DIE BYBEL SPELETJIE:**

# OU TESTAMENT

# NUWE TESTAMENT

| | |
|---|---|
| Genesis | Eksodus |
| Levitikus | Numeri |
| Deuteronomium | Josua |
| Rigters | Rut |
| 1 Samuel | 2 Samuel |
| 1 Konings | 2 Konings |
| 1 Kronieke | 2 Kronieke |
| Esra | Nehemia |
| Ester | Job |
| Psalms | Spreuke |

Prediker

Hooglied

Jesaja

Jeremia

Klaagliedere van Jeremia

Esegiël

Daniël

Hosea

Joël

Amos

Matteus

Markus

Lukas

Johannes

Handelinge

Romeine

1 Korintiërs

2 Korintiërs

Galasiërs

Efesiërs

Filippense

Kolessense

1 Tessalonisense

2 Tessalonisense

1 Timoteus

2 Timoteus

Titus

Filemon

Hebreërs

Jakobus

1 Petrus

2 Petrus

1 Johannes

2 Johannes

3 Johannes

Judas

Openbaring